WAPADRANT
GEMEENTE

# Maand-krant

**DESEMBER 2022**

# Botswana Sending Groep (BSG)

**Ondersteuning van die Botswana Sending (BSG) deur Kleingroep S10.**


Liewe Gemeentelede wat die Botswana Sendinggroep vir baie jare met bydraes van koper, silwer en note ondersteun het deur die geld in die houtkassie in die ingangsportaal van ons kerk te plaas.

Ons kleingroep het op ons laaste bymekaarkom in November finaal besluit dat ons na 18 jaar (waartydens ons as groep vir 10 jaar maandelikse finansiële ondersteuning aan die Botwana Sending  gegee het), ons kleingroepsamekomste gaan beëindig.

Die gevolg hiervan is dat ons bydrae na BSG en dus ook die bydrae van die gemeentelede gestaak sal word.  U sal sien dat die houtkassie nie meer funksioneel is nie.  Baie dankie vir al die jare van ondersteuning van BSG.  Dit is altyd baie waardeer.  Dit gaan goed met ds Hendrik du Plessis en sy Sendingwerk by D'Kar.  Die koms van klankbybels het 'n baie groot en positiewe effek gehad hoe hy die mense bereik.

Kyk na die vrugte van ds Hendrik du Plessis en sy helpers se werk wat op die projek se webtuiste beskryf word (botswanasending.co.za).  Indien u nog finansiële bydraes wil maak, kan u ook op hierdie webtuiste inskakel om 'n bydrae te maak.

Kleingroep S10 †



## Die Waslyn

30ste Laan 740
Villieria
0186

**078 296 4596**

***Welkom by "Die Waslyn". Hier is ons diens en produk ons trots!***

### <u>HET U GEWEET…?</u>

Ons was gordyne…Kom haal dit af, was, droog en stryk dit en hang dit weer vir u! Skakel vandag nog vir 'n kwotasie:
078 296 4596

Ons doen ook:

- Verstellings
- Net was van alledaagse klere
- Was en vou van alledaagse klere
- Net stryk van alledaagse klere

Besoek ons vandag nog vir die beste diens!!

eerstejaarsafskopkamp

*Hou die datum oop!*

GK Brooklyn &
NHKA Philadelphia bied aan:

## Eerstejaarsafskopkamp
## 2023

**Datum:** 29 Jan '23 - 2 Feb '23
**Plek:** Hartbeesfontein Voortrekker Plaas
**Koste:** R980

Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na:
**eerstejaarsafskopkamp@gmail.com**

Juventus
studente organisasie
1949






Bring jou familie, bring jou gesin, bring al jou vriende!

**Verskeie topkunstenaars in een week by die Voortrekkermonument ... en die vertonings is boonop gratis, net vir jou!**



**KERSSANG BY KERSLIG-KONSERT**
8 Desember | Voortrekkermonument | 18:00

**PIETER SMITH BOEREORKES EN MANDJIEDANS**
9 Desember | Voortrekkersaal | 20:00 – 22:00





**ADAM TAS-KUIERKONSERT**
10 Desember | Voortrekkersaal | 20:00 – 21:30

**PIET SMIT-VERTONING**
12, 13 & 14 Desember | Heldesaal | 18:30 – 20:00





**ILÁN-KUIERKONSERT**
12 Desember | Voortrekkersaal | 20:00 – 22:00

**DEIDRÉ-KUIERKONSERT**
13 Desember | Voortrekkersaal | 20:00 – 22:00





**JAY-KUIERKONSERT**
14 Desember | Voortrekkersaal | 20:00 – 22:00

**AFRIFORUMTV: DIE GELOFTE MUSIEKBLYSPEL FILM**
15 Desember | Voortrekkermonument | 18:00 – 20:00



***Dis feestyd, so dis tyd om fees te vier!***

# Attestate & Bewyse van Lidmaatskap

## Ontvang van:

NG Potchefstroom (Die Bult): Aletta Johanna van Heerden (van der Westhuizen)
GK Lyttelton: Jan du Plessis en Johanna Christina Spoelstra (Fourie)
GK Alkantrant: Gerhardus en Martha Catharina Erasmus (Davel)
NG Moreletapark: Johannes Coetzee
Jan Harm en Johanna Magrietha Labuschagne (Badenhorst) en dooplidmate Tjaart Francois en Barend Jacobus
NG Garsfontein: Petrus Johannes en Hanlie Petro van Staden (van Tonder) asook Corlia en Marthinus Johannes van Staden.

## Afgestuur na:

Oorsee: Eduard Heinrich en Leandré Borcher (de Leeuw) en dooplidmaat Eduard Heinrich
Interrobang.church: Marinus en Anri Keyser (Loggerenberg)
GK Cullinan: Gerhardus Dirk en Anna Maria Magdalena Nel (Prinsloo)
GK Meyerspark: Johanna Frederika Coetzee (Grundling)
NG Moreletapark: Petro Amalia Sandilands

# Die Bybelgenootskap

Liewe Medewerker

Dit is met groot dankbaarheid dat ons terug kyk op ’n jaar waar die Bybelgenootskap weer die geseënde voorreg gehad het om die Woord van God met duisende mense te deel.

Ek glo jy sal met my saamstem, dat as mens so om jou kyk na alles wat in die wêreld, en, in ons eie land aan die gang is, dan is die Goeie Nuus van Jesus Christus die enigste antwoord vir al dié gebrokenheid.

Dit is maklik om mismoedig en miskien selfs beangs te word in hierdie omstandighede. Die enigste manier om hierdie onsekerhede en vrese te oorkom, is met die waarheid wat in God se Woord, die Bybel, geskryf staan. Wanneer ’n mens opnuut die verlossingsboodskap hoor en Jesus se bemoedigende woorde lees, vul dit jou weer met die liefde, vrede en hoop wat net van God alleen kan vloei.

Die waarheid is tans ‘n kosbare kommoditeit.


Baie dankie dat jy met jou finansiële ondersteuning aan die Bybelgenootskap, nie net die geskenk van die Waarheid met mense deel nie, maar ook help om vreugde en vrede te versprei. As ’n saaier van hoop dra jy daartoe by dat mense se lewens onherroeplik verander word deur die Bybel.

Mag jy en jou gesin hierdie feesseisoen die Here se ryke genade en seën oorvloedig ervaar.

“Moenie bang wees nie, want Ek is by jou; moenie vrees nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou; ook help Ek en ondersteun Ek jou met my seëvierende regterhand. (*Jesaja 41:10 - Afrikaans 2020-vertaling*) †

# Wapadrant Finansiële sake

## Tot en met einde Oktober 2022




**Na die afgelope 10 maande in 2022:**

Met dank aan ons Hemelse Vader se voorsienigheid kan ons soos volg rapporteer. Ons is veral dankbaar, want daar is twee groot eenmalige inbetalings vanuit die gemeente gedoen in Oktober. Daarom dat die blou inkomstestaaf vir Oktober so hoog uitstaan bo die ander in die grafiek hierbo.

**Vir die jaar tot hierdie verslagdatum, is die netto Surplus nou R850 210.**

Hierdie **Surplus** na tien maande, kan soos volg verder onderling verdeel word tussen die 4 groot fondse waaruit al die uitgawes vir spesifieke doeleindes gedra word en lyk nou soos volg:

**Kerkkas** = **Surplus van R 656 826** (minus die tekort hieronder by Jeugbediening, wat dit na regte dan afbring na: **R 384 397**)

**Barmhartigheidsbediening = Surplus van R 424 880**

**Uitreikbediening = Surplus van R 40 934**

**Jeugbediening = Tekort van R 272 429**

Op 23 November 2022 het die FWG die 2023-konsepbegroting aan die Kerkraad vir goedkeuring voorgelê. (Intussen het die Kerkraad dit ook goedgekeur.) Die finansiële uitdagings bly steeds groot en volgens projeksies behoort die totale inkomste van die gemeente aan die einde van die jaar op ongeveer R 11,2 m te staan. Wat egter uitgewys kan word, is dat ons gemeente die laaste 8 jaar finansieel swaarder getrek het, weens die feit dat ons min of meer dieselfde inkomste elke jaar vanaf 2015 gekry het. (Enige iemand wat iets van die ekonomie weet, sal ook weet dat inflasie dit egter swakker maak as in daardie jare). †

# Dankoffer-inligting

| Maand | Aantal potensiële *bydraepunte | Aantal punte met geen beloofde bydrae | Aantal punte wat beloof het maar geen bydrae maak nie | Aantal punte wat agterstallig is | Getroue bydraers |
|---|---|---|---|---|---|
| **Feb 2022** | *(1 089 )<br>**(1 625) | 430<br>39,49% | 129<br>11,85% | 56<br>5,14% | 474<br>43,52% |
| **Maart 2022** | *(1 085 )<br>**(1 621) | 420<br>38,71% | 115<br>10,60% | 69<br>6.36% | 481<br>44,33% |
| **April 2022** | *(1 083)<br>**(1 612) | 417<br>38,50% | 107<br>9,88% | 87<br>8,03% | 472<br>43.59% |
| **Mei 2022** | *(1 098)<br>**(1 633) | 426<br>38,80% | 102<br>9,29% | 91<br>8,29% | 479<br>43.62% |
| **Junie 2022** | *(1 093)<br>**(1 625) | 425<br>38,88% | 100<br>9,15% | 106<br>9,70% | 438<br>42.27% |
| **Julie 2022** | *(1 099)<br>**(1 624) | 427<br>39,25% | 96<br>8,82% | 114<br>10,48% | 462<br>41.45% |
| **Aug 2022** | *(1 092)<br>**(1 626 | 428<br>39,19% | 98<br>8,97% | 110<br>10,08% | 456<br>41.76% |
| **Sep 2022** | *(1 101)<br>**(1 636) | 442<br>40.15% | 95<br>8.63% | 110<br>9.99% | 454<br>41.23% |
| **Okt 2022** | *(1 103)<br>**(1 638) | 438<br>39.71% | 93<br>8.43% | 115<br>10.43% | 457<br>41.43% |

* Bydraepunt : Getroude man en vrou = 1 bydraepunt
Belydende lidmaat in dieselfde gesin = bydraepunt
Enkellopende belydende lidmaat = bydraepunt

** Belydende lidmate

Hou asseblief in gedagte, vir hierdie gemeente om effektief te moet kan funksioneer, is daar heelwat finansiële verpligtinge wat nagekom moet word, wat meebring dat daar finansiële bydraes ontvang moet word, vanaf die lidmate, waaruit die bedryfsuitgawes dan gedek kan word. Daarom maak ons staat op elke lidmaat se dankoffer bydraes.

Indien lidmate nie oorbetalings aan die gemeente doen nie, beteken dit die ander lidmate in die gemeente, wat wel bydraes maak, "borg" die nie-bydraende lidmate, vir die genoemde uitgawes wat aangegaan moet word.

Moet asseblief nie die genoemde finansiële bydraes, (wat in kerkterme ook 'n Dankoffer genoem word), in die liefdegawesakkie plaas nie, want die liefdegawes gaan nie vir dieselfde doel nie. (Maak gebruik van die dankoffervorm).

**Maniere van afdra van Dankoffer**

- **Direkte inbetaling** op kerk se bankrekening/per internetbank of per aftrekorder by jou eie bank.

Bankbesonderhede: Gereformeerde Kerk Wapadrant, ABSA rek nr 349 0151 957, takkode 632 005. BAIE BELANGRIK: Naam, van en doel as verwysing. (Behalwe in die geval van 'n anonieme inbetaling.)

- Indien jy anonieme bydraes wil maak, plaas kontant/tjek in `n koevert en sit in liefdegawesakkie of doen 'n elektroniese oorbetaling in kerk se bankrekening.
- **Debietorder:** Reël met kerkkantoor by kantoor@gkwapadrant.co.za of volg hierdie skakel vir vorm: http://www.wapadrant.co.za/finansielesake.html
- **Nog 'n manier om jou dankoffer/liefdegawe oor te betaal:**

Snapscan – Vir gerieflike en vinnige betaling. Gaan na http://www.wapadrant.co.za/finansiele-sake.html vir instruksies

Snap here to pay

SnapScan

# Wapadrant G's Fees

Wat presies is 'n G's fees? Wel, dit is 'n fees van al die 'G's natuurlik. Geloof, gered, genade, Groei. Dit loop outomaties uit op 'GEE'. Dit was presies wat op 27 November 2022 gebeur het. Wapadranters het hul  harte en hande oopgemaak deur uit die oorvloed van die genade wat hulle ontvang het, uit te gee, aan te gee en om te gee.

'n Groot 'G' is op die vloer van die portaal aangebring. Hier het lidmate een-een hul pakkies neergesit. Groot en klein het deelgeneem en ons was verstom oor die ruimhartigheid van Wapadrant se lidmate.


Dr Peet het 'n wonderlike erediens gelei en elkeen van ons is weer daaraan herinner dat ons nie moet optree/aandag gee aan wat òns dink moontlik is nie, maar dat ons op die almag van die Here moet vertrou. By Hom is enigiets moontlik!

Na afloop van die diens het 'n heerlike verrassing ons ingewag in die saal. Flukse en ywerige hande het die eetgoed (wat lidmate gebring het) feestelik uitgepak. Almal het heerlik gesmul!

Die Dinsdag na die fees is die toiletware wat aan die 62 kinders van Kameelfontein geskenk  word, uitgesorteer en aangevul waar nodig.  Hierna is elke kind se toiletware netjies verpak in 'n rugsak met dien verstande dat dit ook gebruik kan word vir sportklere of boeke.












Met so ‘n wonderlik geseënde G’s fees, kan ons nie anders as om “DANKIE” te sê nie. Dankie aan elkeen wat op welke manier ook al gehelp of bygedra het. Benewens die liefdegawe wat afgestaan is aan die G’s Fees het die diakonie ook R10 000 bygedra. Tesame met lidmate se bydraes is ‘n totaal van R29 668.94 ingesamel! Met die kontant en skenkings sal ons aan Huis Ebenhaeser, die Danville kosprojek, die diakonie van Cullinan, die kinders van Kameelfontein sowel as die kleuterskool in Pretoria-wes ware Christus-liefde kan bedien. Wat ‘n voorreg! †

Baie dankie vir jou Om’G’!




# Matteus se Kersverhaal spesiaal vir SA bedoel

Oral sien mens nou weer Kersuitstallings, Kers-winskopies, Kersversierings. Hoe behoort mens Kersfees te vier in ‘n land soos Suid-Afrika? Die Matteus-evangelie werp nogal vir ons interessante perspektiewe hierop. Matteus begin sy Kersverhaal baie anders as Lukas. Hy begin by die vreemde geslagsregister van die Koning wat binnekort kom. Ek sê “vreemde” want koninklike geslagsregisters het gewoonlik geen vrouename bevat nie. Die name van die mans wat egter wel genoem word is sorgvuldig uitgekies as die beste verteenwoordigers van die familiegeskiedenis: die belangrikste leiers, die mees invloedryke mense, die rykste konings en die mees voorbeeldige lede van die stam. Nie Matteus nie. Hy sluit nie-respektabele mans in asook vier vrouens van uiters twyfelagtige reputasie. Wat die vrouens betref sluit hy eerstens vir Tamar in, die vrou met losse sedes wat vir Juda verlei het deur haarself voor te doen as ‘n prostituut. Tweedens vir Ragab, die prostituut wat deel van die Kanaänitiese stam was, die etniese vyande van Israel. Derdens die Moabiet Rut wat van onsuiwer afkoms was. Verder noem Matteus blatant dat Dawid die vader was van Salomo “by die vrou van Urija”. Dit herinner enige leser daaraan dat die grote Salomo gebore is uit die owerspel met Batseba sowel as die moord van Urija, die onskuldige.

Die rede is dat die boodskap van die begin af die indruk wil skep dat God in Jesus, die God is wat almal graag wil insluit: die slegtes en die goeies, die voorbeeldige en die immorele, die heiliges en sondaars. Hierdie nuwe Koning het geen grense nie. Hy bou nie mure tussen mense soos ons nie. Hy bou brûe. Hy sluit almal in en nooi hulle om deel van sy familie te wees. Ons stel te maklik grense tussen onsself en mense wat nie “soos ons” is nie. Meng jou met die semels dan vreet die varke jou op, so het my ma immers geleer. Ek is nie heeltemal seker of so ‘n lewenshouding in ons mooi land met al sy diversiteit produktief gaan wees nie. Wanneer jy in die boodskap van Kersfees glo en dit uitleef dan behoort jy doelbewus – net soos Jesus – mense in te sluit wat anders as jy is: mense van ander sosio-ekonomiese groepe, mense van ander velkleure, mense wat nie altyd met jou saamstem nie en selfs soms vyande.

Wanneer ons dus by die Kerstafel aansit hierdie jaar, dan moet ons onsself dalk maar herinner daaraan dat ons nie die party is wat die nooiwerk doen nie. Jesus is die Koning. Hý doen die nooiwerk. En Hy nooi vreemde mense om saam met ons aan te sit. In plaas daarvan om dus hierdie jaar krities te dink oor die mense aan tafel moet ons dalk eerder net te dankbaar wees dat ons ook genooi is.

Roedolf Botha - eKerk †



Geseënde Kersfees!



# Almal se mandjie

**GK CACHET VERBLYF 2023**

Die Gereformeerde Kerk Cachet het plek beskikbaar vir een damestudent in ons woonstelle vir 2023. Die woonstelle is op GK Cachet se gronde, op die NWU-Potchefstroomkampus geleë. Belangstellendes kan vir Ds Brahm Robinson op 064 6561374 kontak vir meer besonderhede.

**HUISHULP BESKIKBAAR**

Een van die gemeente se skoonmakers, Joyce, is op soek na stukwerk vir Maandae en Vrydae.

Kontak Joyce by 072 923 1046

**TUINWERKER BESKIKBAAR**

Een van die gemeente se tuinwerkers, Koos, is beskikbaar om op Maandae en Vrydae tuinwerk te doen.

Kontak Koos by 076 281 5766


PURE SUB-TROPICAL honey for sale

R85 per 500g (bottle)

R220 per 1,5kg (bucket)

082 573 7466 (Niel)




HERNU VOERTUIG-
**LISENSIE**
BINNE 48 UUR



**5% AFSLAG**
daagliks vir
**pensioenarisse***

*T&Vs geld



# KWIKSPAR & TOPS WAPADRAND

**H/V Wapadrand & Lynnwood** @kwiksparwapadrand

# LYNNWOOD LANE

**H/V Equestria & The Highway** @TopsLynnwoodLane

SPLINTERNUWE
**UITLEG**
VIR U GERIEF






**BESTE BILTONG IN PRETORIA!**

"Hul slaghuis word sterk aanbeveel! Altyd skoon met gehalte vleis en waarde vir geld gewaarborg"

FRANCES SLABBERT



**GRATIS AFLEWERINGS IN PTA-OOS***

*T&Vs geld

Bestel sommer direk by ons!
**061 707 0091**

# Van die kerkraad se tafel

Die Kerkraad (KR) het intussen weer 'n vergadering gehou op **Woensdag 23 Nov. 2022.** Hier volg kortliks terugvoering vanuit bogenoemde vergadering aan die lidmate:

**Sake wat die Kerkraad (KR) hanteer het waaroor daar nou gekommunikeer kan word:**

1) **"Stadbouer"-jaartema-opleiding:**
Hierdie bly 'n staande punt op die agenda, soos wat die vordering daarvan beplan en ook geëvalueer word. By die genoemde vergadering het die volgende sake hieroor gedien:
   a) 'n Dokument wat deur die predikante opgestel is, kan dien as 'n voorlopige bepaling van die strukture om gebruik te word, om die "Stadsbouertema" geïmplementeer te kry.
   b) 'n Verdere werksdokument/projekimplementeringsplan is opgestel om die praktyk daarvan uit te wys sowel as om verantwoordelike persone daaraan toe te deel en tydslyne te begin vasmaak vir die implementering van elke element.
   c) Die rol van die ouderlinge en diakens hierin in die toekoms was ter sprake.
   d) Die rol van die personeel hierin kry ook nou verder aandag.

2) **Die begroting vir 2023 is goedgekeur:**
Die Kerkraad het die begroting wat die finansiële werksgroep voorgelê het, so goedgekeur. Hier volg 'n opsomming daarvan:

| | |
|---|---|
| Moontlike inkomstes: | R11 994 584 |
| Begrote uitgawes: | R11 994 584 |
| Begrote kapitaaluitgawes: | R 276 000 (R180 000 hiervan geoormerk vir die installasie van sonkrag) |
| TEKORT: | R 276 000 |

Die motivering vir die moontlike inkomstes en begrote uitgawes wat hierdie keer dieselfde is, kom uit die verlede. Dit blyk dat ons nie baie beheer het oor die inkomstes nie en het gewoonlik dan begroot vir 'n tekort. In ongeveer 50% van die gevalle was daar minder uitgawes as waarvoor begroot is en dan eindig die jaar soms met 'n surplus. Dus is die gedagte en die uitdaging vir die gemeente dat ons die inkomstes gelyk of meer moet kry as wat die begrote uitgawes is.

3) **Beroeping van 'n derde voltydse predikant, met die opdrag Jeugbediening:**
By 'n vorige vergadering en ook so berig in 'n vorige Maand-krant, is die beroeping van 'n derde voltydse predikant hoog op die prioriteitslys gewees (en is steeds die geval). Dit is wel afhanklik van die uitkoms van die verslag wat die jeugbedieningkonsultant nog moet indien. Laasgenoemde is eers gestaak vir 2022, omdat die ondersoek nog nie afgehandel kon word nie en sal vroeg in 2023 weer voortgesit word.

4) **Dr. Rassie Smit neem in 2023 langverlof:**
Na 10 jaar betrokke in die bediening by die gemeente is die predikante geregtig op 3 maande langverlof. Dr. Rassie Smit het daarvoor aansoek gedoen by die kerkraad en dit is so goedgekeur. Hy het egter besluit om sy kollega terwille te wees en sal dit dus nie aaneenlopend neem nie. Hy het voorlopig die volgende datums aan die kerkraad beskikbaar gestel wanneer hy op verlof sal wees:

Blok 1: 24 Maart – 17 April
Blok 2: 12 Junie – 31 Julie
Blok 3: 12 September – 9 Oktober
Blok 4: 18 Desember – 15 Januarie †



**Ons beloof u die BESTE prys op u voorskrif!**
**Email u voorskrif na wapadrandphy@gmail.com vir 'n verpligting-vrye kwotasie.**







**Ons apteek is oop en gereed om na u en u familie se gesondheids-behoeftes om te sien. Kom gesels gerus met Ivan en sy vriendelike span vir enige advies.**





**Kom ontspan met 'n heerlike koppie koffie vir slegs R9-99 by ons Bean Tree koffiewinkel.**



## APTEEK BESIGHEIDSURE:

**MA - VR 07H00-19H00**
**SATERDAE 09H00-17H00**
**SONDAE 09H00-15H00**

## KLINIEK BESIGHEIDSURE:

**MA - VR 08H00-13H00**
**SATERDAE 08H30-14H00**
**SONDAE GESLUIT**



Pharmacy at SPAR



| Kliniek Dienste - Suster Carla Snyman | Prys |
|---|---|
| Familie Beplanning (insluitend voorraad) | R 160.00 |
| Pyn Verligting Inspuiting slegs (Voltaren/Xefo) | R 160.00 |
| Vitamen B12 (fles) (insluitend voorraad) | R 50.00 |
| Vitamen B CO (fles) (insluitend voorraad) | R 50.00 |
| Vitamen B CO & B12 (insluitend voorraad) | R 100.00 |
| Neurobion Inspuiting (insluitend voorraad) | R 160.00 |
| Tetavax Inenting (insluitend voorraad) | R 200.00 |
| Bloedglukose (Cardio ondersoek) | R 160.00 |
| Cholesterol (Cardio ondersoek) | R 150.00 |
| Kind Immuniserings fooi (uitsluitend voorraad) | R 120.00 |
| Konsultasie Fooi (uitsluitend voorraad) | R 70.00 |
| Wond Behandelings Konsultasie (uitsluitend voorraad) | R 50.00 |
| HIV Toets (insluitend toets stel) | R 160.00 |
| Urine Toets | R 70.00 |
| Verwydering van Steke | R 100.00 |
| Oor Spoel (Beide ore) | R 160.00 |
| Bloeddruk alleen | Gratis |

**GRATIS AFLEWERING BINNE 20km RADIUS!**

**061 533 1791**

# Kersfees!

Marietjie Joubert - eKerk

Elke jaar as die Kersversierings en groot Kersbome in die winkels verskyn, raak ek opgewonde. Ek hou van Kersfees. Dit is ‘n besondere tyd van die jaar. Die kleure is warm en uitnodigend, dis bekend en maak jou hart sommer warm. Hier in Afrika, waar ons ‘n somerkersfees hou, is dit so ‘n bietjie anders as in die noordelike halfrond. Ons beplan volgens die weer en ons spyskaarte verskil dalk, maar ons is lief om ook die feesdag voluit te vier.

Mense kuier gemoedelik en gesels oor die jaar wat verby is. Almal wil nog ‘n kuiertjie inwerk voor mense na hulle vakansiebestemmings vertrek. Daar word speserykoekies gebak, vrugtekoeke word heerlik bedruip met ‘n ou ietsie en noukeurig gebêre vir die teetafel in die feesseisoen. Planne vir besondere tafeldoeke, servette, blomme en feesliggies vir die Kerstafel word bespreek en aangekoop. Oukersaand word ook nie afgeskeep nie. Kortom, alles word fyn beplan en bedink.

Vanoggend by my skool het ons ‘n feestelike opening met Kersversierings op die aantreeblad gehad. Ons kinders het gesing en ek het so ‘n tinteling in my maag gevoel. Die Kersfeesgevoel het in my binneste geroer.

Die boodskap van Kersfees het vroeg op die eerste dag van November 2022 in my hart kom vasskop. Jesus, my Redder, is gebore. Hierdie Jesus-fees het my hierdie jaar vroeg geskud. Op die oomblik is my kop by ander dinge. Dis vraestelle en memorandums. Dis toesig waar jy ure lank op en af loop met jou eie gedagtes. Dis punte verwerk en baie merk. En toe tref die Kersfeesboodskap my so tussen die oë.

Ons is so besig met werk dat ons soms die essensie van dit, wat belangrik is, by ons laat verbygaan. Jesus is gebore sodat ons gered kon word. Dit is die grootste liefdesdaad, wat jy ooit sal beleef. Hy is gebore om die ganse mensdom te kom red. God, die Vader, het die mensdom so lief gehad dat Hy Sy enigste seun, Jesus Christus, gestuur het, om aarde toe te kom. Hierdie liefdesdaad red ons van die ewige dood en ons ontvang die ewige lewe. Ons kan by ons eie dood, die ewigheid betree en vir ewig saam met God om Sy troon lofliedere sing. “Vir ewig” is ‘n onbegryplike begrip! Al wat ek daarvan verstaan, is dat dit werklik baie lank sal wees en dat dit nooit sal ophou nie. Dit beteken ook vir my oneindige liefde, wat vir altyd gaan aanhou. Dít is God se liefde vir my. Dít het Hy vir my gedoen.

Ons loof U, Here. U is Heilig! Dankie vir U onuitputlike liefde vir my en vir elke ander mens op aarde! U is ons Koning tot in ewigheid. †

